

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

## DIE SHABBAT

### LES 3: DIE WYSE OM DIE SHABBAT TE GEDENK

#### Inleiding

*Gedenk die Shabbatdag, dat jy dit heilig. Exo 20:8*

1. Die eerste opdrag aangaande die Shabbat is dat ons dit moet gedenk. Ons het reeds die betekenis van gedenk (*zakar* in Hebreeus) ondersoek (Les 1) en gesien dit beteken om te onthou (dit in herinnering te roep) deur gepaste handeling. Gedenk is nie net iets wat jy onthou nie. Nee, gedenk gaan gepaard met 'n handeling (aksie) wat 'n getuieis en bevestiging is van dit wat jy onthou.
2. Die handeling ten opsigte van die shabbat wat met gedenk gepaardgaan, is om die shabbat te heilig. Soos ons ook reeds gesien het beteken heilig om af te sonder (uitgesonder; toegewy; *to set-apart*). Om die shabbat dus te heilig beteken om dit af te sonder (uit te sonder) as 'n dag wat aan YHVH toegewy word. Dit is die gedenkdag van YHVH ons Vader-God!!
3. Wat maak 'n mens, 'n plek of voorwerp heilig (afgesonder)? Alleenlik die teenwoordigheid (Shekeinig) van YHVH die Almagtige, asook Sy seën op dit en Sy reiniging van dit wat Hy as afgesonder (heilig, *set-apart*) verklaar het. Dit is wat 'n mens of 'n plek of 'n voorwerp heilig. Die volgende Skrifte bevestig dit:

*En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel Ex. 19:6*

*Toe het Moses YHVH geantwoord: Die volk kan nie op die berg Sinai klim nie, want U het ons self gewaarsku en gesê: Baken die berg af en heilig dit. Ex. 19:23*

*En julle moet vir My heilige mense wees..... Ex. 22:31*

*En daar sal Ek met die kinders van Israel saamkom en die tent sal deur my heerlijkheid geheilig word. So sal Ek dan die tent van samekoms en die*

*altaar heilig. Ek sal Aäron en sy seuns ook heilig om vir My die priesteramp te bedien. Ex. 29:43 en 44*

YHVH ons God en Vader is in die shabbat (deel van die shabbat), Sy seën rus op die shabbat en Hy het die shabbat gereinig. Daarom is die sewende dag 'n rusdag; 'n heilige shabbat van YHVH (Ex. 16:23). Die mens wat dus nie die shabbatsgebod hou nie, ontnem homself van YHVH se teenwoordigheid en van Sy seën op hierdie dag. So 'n mens is besig om homself onrein te maak deur ongehoorsaamheid.

4. Sal YHVH dit wat Hy as heilig (afgesonder) verklaar het, kanselleer of ongeldig verklaar? Die antwoord is 'n besliste 'Nee'!! Tog is dit presies wat die mens by implikasie van getuig wanneer daar gesê word dat die shabbatsgebod opgehef is.

### **Elke dag 'n shabbat?**

1. Beteken die vierde gebod dat ons net op die sewende dag van die week, naamlik op die shabbat, hierdie dag moet gedenk en dit afsonder (heilig)? Nee!!! Klink dit vreemd vir jou? Dink egter hieraan: Gedurende die week, elke dag, moet ek myself herinner aan die shabbat en dat dit 'n dag is wat afgesonder (*set-apart*) vir YHVH is. Alles wat ek gedurende die week doen, my werk, my verhoudings, my vermaak, my gedagtes, my woorde en my dae – my alles – moet sodanig wees dat niks 'n hindernes tussen my Vader en myself sal wees wanneer die shabbat aanbreek. In hierdie lig gesien, is elke dag as te ware 'n shabbat, maar daar is een dag, die sewende dag, wat spesiaal vir die doel afgesonder (uitgesonder) word. Die shabbat moet die hoogtepunt van my week wees. My verlustiging (Jes. 58:13)!! Ek leef as te ware van shabbat tot shabbat. Geen wonder die Jode sê:

*Israel did not keep the Shabbath; The Shabbath kept Israel!*

2. Gedurende die week is my handeling sodanig dat die shabbatsgebod voortdurend voorop in my gedagtes bly. Die shabbat self gedenk ek op die sewende dag, maar die shabbatsgebod onderhou ek dus elke dag van die week. Die shabbatsgebod is soos enige ander van die tien gebooie. Dit is elke sekonde, elke minuut en elke uur van elke dag van krag. Jy mag nie steel nie of jy mag nie afgode aanbid nie of jy moet jou vader en jou moeder eer of enige van die ander gebooie is elke oomblik van elke dag van krag en moet voortdurend voorop in my gedagtes wees. Net so ook die vierde gebod, die shabbatsgebod. In Num. 15:38 tot 40 word die gedagte duidelik vir ons gedemonstreer om **al YHVH se onderrig en instruksies voortdurend te onthou (te zakar) en dit te doen (te asah)**:

*Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle, hulle moet vir hulle klossies maak aan die hoeke van hul klere, in hulle geslagte, en aan die*

*hoekklossies 'n draad van pers stof vasbind. En dit sal julle as klossies dien: as julle dit sien, moet julle aan al die gebooie van YHVVH dink, dat julle dit doen en nie jul hart en jul oë navolg waar julle agter aan hoereer nie, sodat julle aan al my gebooie mag dink en dit doen, en aan julle God heilig mag wees.*

Ons lees ook in Deut. 11:1 dat ons YHVVH ons God moet liefhê en **altyd** sy ordening, sy insettinge sowel as sy verordeninge en sy gebooie moet onderhou. Vers 18 sê verder: *Lê dan hierdie woorde van my weg in julle hart en in julle siel, en bind dit as 'n teken op julle hand en laat dit as 'n voorhoofsband tussen julle oë wees.* Lees ook Spr. 3:3 en Spr. 6:20 en 21.

3. Ons kan nie die tien gebooie as losstaande van mekaar sien nie. Nee, dit vorm 'n eenheid soos Jak. 2:10 bevestig: *Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword.* Gedenk jy die shabbat? Indien nie, oortree jy willens en wetens YHVVH se **hele** wet – jy het aan almal skuldig geword. Dan tree jy wetteloos op (1 Joh. 3:4). Dan verwerp jy YHVVH se genade van sondevergifnis in Yeshua Messias vir oortredinge in swakheid begaan!!
4. Die vierde gebod, die shabbatsgebod, **is deel** van die tien woorde (gebooie, dekaloo) van YHVVH. Daarom moet ons hierdie woorde (**al tien**) in ons hart en siel bewaar en moet ons dit as 'n teken op ons hand bind, naamlik dit wat ons doen, en as 'n voorhoofsband tussen ons oë wees, naamlik wat in ons gedagtes is (Deut. 11:18).
5. Van die tien gebooie is daar slegs een gebod, naamlik die shabbatsgebod, waar 'n dag afgesonder word om die gebod, en dit wat met hierdie gebod gepaardgaan, in herinnering te roep. Dit onderskei die vierde gebod van die ander nege gebooie. Dit maak van die shabbatsgebod 'n uitnodiging van die Vader om in Sy teenwoordigheid te kom as 'n gereinigde (geheiligde) en deel te hê aan Sy seëninge. Aanvaar jy hierdie uitnodiging of wys jy dit van die hand?
6. Die wyse wat ons die shabbat gedenk is dus met 'n verwagting van 'n ontmoeting met die Vader. Hierdie verwagting en verlange is deel van ons daaglikse lewe en is die voorbereidingsproses vir die volgende ontmoeting. Hoewel ons weet dat ons elke dag met vrymoedigheid tot die Genadetroon kan gaan (Heb. 4:16), is die shabbat die afspraak wat die Vader met ons het. Daar is 'n geestelike aspek verbonde aan die shabbat wat geen ander dag van die week het nie. Daarom moet die shabbat, soos al die ander gebooie, elke dag voorop in ons gedagtes wees, terwyl ons gereed maak vir die volgende shabbatsontmoeting waar ons in heilige gemeenskap met die Vader kan verkeer. Ons doen dit met vrywilligheid en uit liefde, want dit is deel van ons heiligmaking. Dit is die sigbare teken dat ons afgesonder en toegewy aan die Vader is as deel van Sy heilige priesterdom (1 Pet. 2:9).

## VAN SONONDER TOT SONONDER

1. In Gen. 1:5, 8, 13, 19, 23 en 31 lees ons telkens: *En dit was aand en dit was môre, die eerste dag. En dit was aand en dit was môre, die tweede dag, ensovoorts. Dit was aand* verwys na daardie tyd van die dag wat die son sak en dit skemer word (*evening*).

*Maar op die plek wat YHVH jou God sal uitkies om sy Naam daar te laat woon, moet jy die pasga slag, **in die aand teen sononder**, op die tyd van jou uittog uit Egipte. Deut. 16:6*

*Maar as die aand aankom, moet hy hom in die water bad; en **teen sonsondergang** mag hy in die laer inkom. Deut 23:11*

2. Volgens die Skepper van tyd word 'n dag gereken as van sononder tot sononder en nie van middernag tot middernag nie!!
3. Verklaar die Heilige Skrif dan dat die shabbat teen die aand begin en teen die aand eindig? Moet die shabbat dus van sononder tot sononder gedenk word? Verwysend na die Fees van Versoening (*Yom Kippur*) wat as 'n shabbat gereken moet word, lees ons die volgende in Lev. 23:32.

*'n Dag van volkome rus moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Op die negende van die maand in die aand, van aand tot aand, moet julle jul Shabbat hou.*

Die shabbat duur dus van sononder (ongeveer 18:00 uur) tot sononder. Daarom is dit die gebruik om die shabbat op 'n gepaste wyse teen sononder te begin. Ons sal later in hierdie Skriftestudie terugkeer na die wyse om die shabbat te begin.

4. Waarom het YHVH beslis dat 'n dag van sononder tot sononder duur? Die sonsondergang is die natuur (soos deur YHVH geskep is) se wyse om tyd in dae te verdeel. Dit is die tyd wat die mens wakker is om die nuwe dag met 'n dankbare hart welkom te heet en die ou dag met dankbare hart te groet. Ons huidige indeling van 'n dag as van middernag tot middernag bied die mens nie hierdie geleentheid nie, want dit is die tyd wat die mens normaalweg slaap.
5. Ons gedenk die shabbat dus van sononder tot sononder soos deur YHVH die Allerhoogste bepaal is. Dit is die wyse wat Hy dit gedenk.

### 'n Hartsgesindheid.

1. Luister na die woorde van die profeet Jesaja aangaande hoe ons gesindheid teenoor die shabbat moet wees:

*As jy jou voet terughou van die Shabbat – om nie jou sake op my heilige dag te doen nie, en as jy die Shabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van YHVH hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan sal jy jou verlustig in YHVH, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van YHVH het dit gespreek. Jes. 58:13 en 14*

2. Die hartsgesindheid teenoor die shabbatsgebod bepaal of die shabbat 'n verlustiging of 'n las is. Diegene wat glo dat die shabbatsgebod opgehef is, beskou die shabbat as 'n las waarvan hulle bevry is. Tog sê Jesaja dat as jy die shabbat 'n verlustiging noem.....!! Vir diegene wat die shabbat 'n verlustiging noem, is daar die verwagting van 'n spesiale ontmoeting met die Vader op hierdie dag. Daar is die besef van die geestelike inhoud van die shabbat. Dan word die shabbat soos 'n lafenis vir gees, siel en liggaam. Dan gaan dit nie oor die letter van die wet wat doodmaak nie, maar oor die gees wat lewend maak (2 Kor. 3:6).

3. Die shabbat is ook deel van die feesdae van YHVH. In Lev. 23:2 lees ons:

*Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van YHVH wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is my feestye.*

Die eerste van hierdie feeste wat dan genoem word, is die shabbat (vers 3) Hierdie is 'n weeklikse fees, terwyl die ander sewe feeste wat in Levitikus 23 beskryf word die jaarlikse feeste is. Hoe kan die mens dan die shabbat as 'n las beskou wanneer ons Vader dit as 'n fees verklaar het? Indien die shabbat as 'n las ('n juk) beskou word, dan moet die ander gebooe soos eer jou vader en moeder of jy mag geen ander gode aanbid nie, ook as 'n las gesien word!! Dit kan tog nie waar wees nie!!!

Die shabbat word ook beskou as 'n afbeelding van 'n huweliksfees en ons beleef op die dag dieselfde verwagting as 'n bruid wat met haar Bruidegom, Yeshua Messias, verenig gaan word.

4. Die hart van die shabbat is die geestelike aspek daarvan. Ons weet dat YHVH *is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid* (Joh. 4:24). Daarom is die gesindheid waarmee ons die shabbat gedenk en heilig nie bloot op grond van moets en moenies nie, maar op grond van die geestelike inhoud wat die shabbat bied. Ons kan nie deur die werke van die wet geregverdig word nie, maar ons kan wel deur gehoorsaamheid YHVH se seën deelagtig wees, want die belofte in Jes. 58:13 is: *en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van YHVH het dit gespreek.*

5. Onthou dat die shabbat is ook die teken tussen YHVH en Sy volk wat as bewys (gedenkteken, bannier, vlag) dien dat Hy die Een is wat ons heilig. Is jy bereid om met trots hierdie bannier aan die wêreld te vertoon?

*Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my Shabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek YHVH is wat **julle heilig**.*  
Ex. 31:13

### **`n Lied vir die Shabbat**

1. Psalm 92, die lied vir die shabbatdag, gee vir ons riglyne van die wyse wat ons die shabbat moet gedenk. Hiervolgens is die shabbat 'n geleentheid om:
  - ❖ YHVH ons God en Vader te loof terwyl ons Sy goedertierenheid en getrouheid verkondig (verse 2 en 3). Die shabbat is die dag wat ons ook rus van ons sorge en ons herinner aan ons Vader se goedheid en getrouheid van voorsiening in al ons behoeftes van gees, siel en liggaam in Yeshua Messias.
  - ❖ Te jubel oor die werke van Sy hande (verse 5 en 6). Ons gedenk YHVH die Almagtige se wonderlike skepping. *So sê God, YHVH, wat die hemele geskape en hulle uitgesprei het, die aarde uitgespan het saam met wat daaruit voortkom, wat aan die aardbewoners die asem gee en die gees aan wie daarop wandel (Jes. 42:5).* Verwys ook na Les 2.
  - ❖ Die gedagtes (planne en doel) van ons Vader te bepeins (te oordink)(vers 6). *Die diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van YHVH geken, of wie was sy raadsman gewees? (Rom. 11:33 en 34).* Lees ook Jes. 46:9 en 10. Op die shabbat word ons herinner aan Paulus se woorde in 1 Kor. 2:14 – *Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van YHVH nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word*
2. Om die shabbat te gedenk is vir die wêreld, asook die Kerk, dwaasheid. Hulle verstaan nie die werke van YHVH en Sy gedagtes nie en daarom verwys die lied van die shabbatdag na hulle as 'n dom mens (vers 7). Wat wysheid vir die mens is, is dwaasheid by YHVH (1 Kor. 3:19).
3. Shabbat is ook die dag wat ons herinner word dat YHVH se vyande, en dus ook ons vyande, oorwin is (Ps. 92:10 tot 12).
4. Ons word ook op die shabbat herinner aan YHVH se beloftes aan die regverdiges:

*Die regverdige sal groei soos 'n palmboom; hy sal opgroei soos 'n seder op die Líbanon. Geplant in die huis van YHVH, sal hulle groei in die voorhowe van onse God. In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra, hulle sal vet en groen wees, om te verkondig dat YHVH reg is, my rots, en in Hom is geen onreg nie. (Ps. 92:13 tot 16)*

## **Geen werk nie**

1. Naas die opdrag dat die shabbat gedenk en geheilig moet word, is die opdrag dat geen werk gedoen mag word sekerlik die belangrikste. Hoewel daar verskillende sieninge is oor die "ander moets en moenies" van die shabbat, is almal eenstemmig dat geen werk op die shabbat verrig mag word nie soos wat die vierde gebod dit duidelik stel, naamlik:

*Gedenk die Shabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Shabbat van YHVH jou God; dan mag jy géén werk doen nie—jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie.*

*Ex. 20:8 tot 10*

Hiervolgens moet almal in jou huishouding, asook die wat deel is van jou huishouding, op die shabbat rus en geen werk doen nie, insluitend die diere.

2. Die meerderheidsiening is dat werk in die verband na die werk wat jou brood en botter is verwys. Ongelukkig het Judaïsme die definisie van werk uitgebrei om meer as 4 000 handelingte te bevat wat as werk beskou word en nie op die shabbat gedoen mag word nie. Hierdie mensgemaakte wette het 'n las ('n binding) vir die mens geword en dit was juis teen dit wat Yeshua gekant was toe Hy deur die Fariseërs en Skrifgeleerdes gekonfronteer was.
3. Opsommend bevat YHVH se onderrig en instruksies ten opsigte van die shabbat die volgende:
  - ❖ Ons moet die shabbat gedenk (*zakar* – onthou met gepaste handeling).
  - ❖ Ons moet die shabbat heilig – 'n dag wat afgesonder en toegwy word aan YHVH.
  - ❖ Ons moet rus, spesifiek ons liggame.
  - ❖ Ons moet geen werk doen nie.
  - ❖ Ons mag geen vuur aansteek nie (Ex. 35:3). Verwys na punt 4 van *Bespreek of Bepeins*.

4. Ons moet groot versigtigheid handhaaf dat die wyse wat ons die shabbat gedenk en heilig nie wetties en 'n godsdienstige ritueel word nie. Die shabbatsgebod moet nie soos 'n swaard oor ons kop gesien word nie. Dan mis ons die doel van die shabbat. Gehoorsaamheid aan die shabbatsgebod is 'n hartsgesindheid van liefde vir die Vader en wat dan 'n vreugdevolle gehoorsaamheid tot gevolg het.

### **Bepeins of Bespreek die Volgende**

1. Indien dit waar is dat die shabbatsgebod nie meer geld nie, dan moet ons die volgende vra: Op watter stadium na die opstanding van Yeshua is die vierde gebod dan opgehef? Hierdie vraag is geregverdig, want die vroue wat na Yeshua se graf met kruie en speserye gegaan het, het eers op die shabbat, gerus volgens die gebod (Luk. 23:55 en 56). Het hierdie vroue dan nie geweet dat die shabbatsgebod na die kruisdood van Yeshua opgehef is nie? Hulle het tog baie na aan Yeshua gelewe en sou sekerlik geweet het as Yeshua hulle hierin sou onderrig het?! Hoekom het die Apostels gereeld op die shabbat na die sinagoge gegaan? Het hulle ook eers mettertyd besef dat die shabbat opgehef is? Dit kan tog nie waar wees nie! Daar is nie een Skrifverwysing waar Yeshua of die Apostels lering gee dat die shabbat opgehef is nie! Nee, dit is mensgemaakte leerstellings soos wat die geskiedenis bewys. Later in ons studie sal ons terugkeer na die geskiedkundige feite rondom die shabbat.
2. Jesaja 66 is 'n profesie oor die eindtye. Let op vers 23 wat verklaar dat die nuwe maan en die shabbat gedenk sal word. Is dit nie bevestiging dat dit nooit opgehou het nie?
3. In die lig van bogenoemde is Eseg. 20:21 steeds van toepassing. *Maar die kinders was wederstrewig teen My: hulle het nie gewandel in my insettinge en my verordeninge nie onderhou om dit te doen nie – wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe; hulle het my shabbatte ontheilig. Toe het Ek gesê dat Ek my grimmigheid oor hulle sal uitgiet, om my toorn te laat uitwoed teen hulle in die woestyn.*
4. Daar is verskillende siening oor die betekenis van Ex. 35:3 – *julle mag op die shabbat geen vuur aansteek nie*, hoewel die meerderheid siening is dat dit verwys na die vuur wat aangesteek word om werk te doen waaruit inkomste verdien word, asook om nie hout vir die doel bymekaar te maak nie (Num. 15:32 tot 36). Indien hierdie teksvers saam met Ex. 16:23 gelees word, dui dit daarop dat ons nie op die shabbat kos mag voorberei (kook en bak) nie.

Shalom tot volgende keer.  
Johan Kriel



Epos: [kontak@nuweliëd.info](mailto:kontak@nuweliëd.info)

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*